NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 5 OKTOBER 2018 TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Stoffel open die vergadering met gebed en heet die lede teenwoordig welkom.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts – President
Mark Beviss-Challinor – Vise-president
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Rosa Cloete – President Overberg
Leon Meyer – President Weskus
Lorna Viljoen – Sameroeper: Disability Bowls

VERSKONINGS
Ena Linde – Sekretaris
Joggie Snyman - Tesourier
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Lesley Beviss-Challinor – President Winelands
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes

3. BYKOMENDE ITEMS

Alle bykomende items word bygevoeg by bestaande items.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die Notules van 16 Junie 2018 en 21 Julie 2018 word goedgekeur.

5. SAKE VOORTSPRUITEND

5.1 Sake uit

5.1.1 Terugvoer Boland Ope Augustus 2018

Stoffel rapporteer dat die eerste Boland Ope geslaagd aangebied is met 99 deelnemende spanne. Hoofkwartier was Worcester Rolbalkub met Robertson, Ceres, Hermanus, Kleinmond en Caledon as ander klubs wat hul fasiliteite beskikbaar gestel het. Danksy die borgskap van Personal Trust, verskeie ander skenkings en lootjie verkope kon ‘n kontant prysgeld van R67 560 betaal word. Die totale waarde van pryse was meer as R84000. Deur die uitgawes tot die minimum te beperk kon ‘n surplus van R11 948.50 oor gehou word.

5.2 Sake uit Notule van 21 Julie 2018

5.2.1 Terugvoer BSA AJV

Stoffel deel die vernaamste sake wat bespreek is met die bestuur.
Inter-distrikte se formaat bly soos dit was. JBA het mosie vir wysiging na 15 kop wedstryde teruggetrek en SFS se voorstel om dit te toets by die B en senior toernooie is ook teruggetrek.
Nasionale Toernooie is baie bespreek en bly vir eers soos dit is.
Finansies omder druk agv onttrekking van Warwick as borg, ledegeld op R225 vasgestel.
Stoffel sal M&M se voorlegging aan bestuur versprei om met klubs te bespreek en veral idees tov ledewerwing daaruit te gebruik.

5.2.2 Terugvoer All Cape AJV

Geringe veranderinge aan die All Cape Grondwet veral tov gebruik van tegnologie word voorgestel. Die datums vir die 2019 All Cape te Port Elizabeth word besluit op 31/3 tot 6/4 vir mans en 7/4 – 13/4 vir dames. Distrikte gaan moontlikheid ondersoek om die toernooi later in die kalender jaar aan te bied in die toekoms; Oktober word voorgestel. Die inskrywingsgeld verhoog na R520 per span plus lootjies van R100. Spelers sal keuse kry of hulle handboeke en toernooi wapens wil bestel.

Greame Kemp van WP noem aan die res van die distrikte dat Boland ‘n geslaagde Boland Ope aangebied het en dat hulle moet oorweeg om Boland in die toekoms geleentheid te gee om die All Cape aan te bied. Boland gaan gedurende Oktober 2019 weer ‘n Boland Ope aanbied , maar nie gedurende 2020 nie, dan gaan WP die All Cape aanbied

.

5.2.3 Kuipers/Loeries toernooi 3 en 4 November 2018

Die toernooi gaan vanjaar op Bonnievale gehou word, die skuif vanaf Swellendam is gedoen om Bonnievale geleentheid te gee om te sien wat nodig is aangesien daar ‘n moontlikheid bestaan om die toernooi uit te brei.

Henry Fourie is versoek om die Toernooi Beampte te wees en met alle betrokkenes te skakel. Alle reëlings vorder vlot, beide mans en dames spanne is gekies na afloop van groepoefeninge, spelers is in kennisgestel van alle reëlings asook die koste bydrae van R300 per speler, Boland dra die ander 50% by. Verblyf vir die spelers is in die skoolkoshuis verkry. Eden is ook ingelig mbt alle reëlings. Spanbestuurders is Henry Fourie en Gladys Bradley, hulle en sommige keurders gaan in Theuns Coetzee se gastehuis bly teen ‘n billike tarief.

5.2.4 Boland Clothing

The people who was appointed to investigate possible changes in Boland Clothing did not bring anything to the committee. Decided that the existing clothing will be kept for another year.

5.2.5 Spanbestuurder Ope Mans

Moontlike name vir spanbestuurder van die Ope Mans word genoem, maar omdat verskeie van die persone deel vorm van die Veterane Oefengroep word daar besluit om met die aanstelling te wag totdat die Veterane span finaal aangekondig word en dan sal daar met die genoemde persone geskakel word.

5.2.6 Inter-Distrikte reëlings

Kennis word geneem dat verblyf reëlings vir alle spanne behalwe die Veteraan Dames reeds vasgemaak is en dat almal binne die begrote bedrae per dag kon bly. Deposito’s is reeds betaal. Vlugbesprekings en motorhuur sal gedoen word nadat spanne finaliseer is.

Mbt die 0/15 en 0/20 spanne word bevestig dat twee spanne van elke ouderdomsgroep Boland gaan verteenwoordig by die 2019 toernooie. Die oefengroep om die spanne saam te stel word vir 21 Oktober beplan. Elke distrik moet R5000 bydra tot die kostes ongeag of hulle enige spelers in die finale spanne het, of nie.

6. Finansies

6.1 Finansiële Verslag

Kennis word geneem van die stand van finansies vir die jaar tot datum teenoor die begroting. Geen abnormale afwykings word op die stadium verwag nie.

6.2 Uitstaande Krediteure / Debiteure

Bestuur neem kennis dat daar uitstaande Debiteure is tov kompetisiegelde wat nog deur die distrikte aan Boland oorbetaal moet word. Geen uitstaande krediteure nie.

6.3 Goedkeuring van eise

6.3.1 Verversings Worcester

Goedkeuring word verleen vir die eis tov eetgoed na afloop van die vergadering ter waarde van R365.

7. Ledewerwing en Bemarking

7.1 Zandvliet Sakeliga

In elke streek is ‘n kontakpersoon wat met die klubs in daardie streek skakel. Alle deelnemende klubs ingelig oor die reëlings en belangrik is dat registrasie van spelers op die Zandvliet webwerf gedoen moet word.

7.2 Ledewerwing

Die teiken van 5% van alle deelnemers aan hul Sakeligas word vir die werf van nuwe lede aan alle klubs gestel.

Die Weskus het ‘n baie geslaagde O’45 toernooi aangebied en die spelers het baie van die formaat gehou.

Die Envar Buys Toernooi is op 29 en 30 September te Outshoorn aangebied met rekord getal van 136 spelers.

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 Tendens t.o.v. Inskrywings

Engela noem dat die inskrywingsgetalle tov die 2-Bal Enkels vir beide mans en dames daling toon teenoor vorige jaar. Dieselfde tendens geld vir die driespel inskrywings. Die inskrywings vir die Senior Viere is skokkend min en die besluit is om hierdie jaar voort te gaan met die klein getal spanne, maar dat daar in die toekoms besin word of die kompetisie moet voortgaan as ‘n Boland Kompetisie.

8.2 Kompetisie Skoliere

Die versoek om op die Boland datumlys voorsiening te maak vir ‘n Enkelspel en Pare kompetisie vir skoliere in die 0/15 en 0/20 groepe word aanvaar.

8.3 Weskus B-liga

Die Weskus versoek dat hulle ‘n B-liga wil instel en administreer vir spelers wat wil kompeteer, maar nie aan Boland Finale wil deelneem nie.

Die gevaar dat Boland ‘n tekort op sy begroting gaan hê met minder inskrywings uit die Weskus vir Boland kompetisies word bespreek. Die besluit word geneem dat die Weskus spelers steeds moet motiveer om in te skryf vir Boland kompetisies, maar dat dit die kwalifeerders vir ‘n Boland finaal se keuse sal wees of hulle daaraan gaan deelneem, aldan nie. Wanner iemand die keuse uitoefen om nie deel te wees van die Boland finaal nie, kan die naaswenner hul plek neem en indien die span/speler ook nie belangstel nie sal die plek gevul word deur ‘n span/speler van Overberg of Wynland.

8.4 2-Bal Enkels

Dit word onder die aandag van bestuur gebring dat die formaat wat by die finaal gespeel is gewysig kan word sodat mans en dames nie skuif van een perk na die ander nie, maar eerder op een perk bly vir die dag. Besluit om die formaat van sewe(7) rondomtalie wedstryde te behou vir die Ope 2-Bal enkels, maar dat slegs ses(6) spelers vir die senior kompetisie in die finaal sal speel met vyf(5) rondomtalie wedstryde.

8.5 Venues

A request was received from Robertson that Match Secretaries should try to minimize travelling distances even within sub-districts.

8.6 Boland Liga Formaat

Besluit dat die Boland Liga weer op dieselfde formaat gespeel word as die vorige jaar binne streke en dat elke streek moet poog om ses(6) mans en ses(6) dames spane van agt(8) spelers elk in die eerste liga te hê met vyf(5) rondomtalie rondtes. Indien daar meer belangstelling is kan spanne van vier(4) spelers elk in ‘n B-liga speel soos die Wynland reeds in 2018 gedoen het. Inskrywings vir die Liga moet die wedstrydsekretaris op 6 Desember 2018 bereik. Inskrywingsvorms moet opgestel en versprei word.

8.7 Merkers by Enkelspel

Bestuur besluit om op versoek van spelers weer die enkelspel seksies met vier(4) spelers te maak in die eerste drie rondtes en nie drie(3) soos verlede jaar nie, Die mans en dames word op verskillende dae gehou sodat die teenoorgestelde geslagte as merkers kan optree.
Spelers wat in die finaal te Worcester gaan speel gaan versoek word om so ver as moontlik merkers saam te bring om die druk om Worcester klublede te verlig.

8.8 Datum veranderinge tot Desember 2018

Kennis word geneem van veranderinge in datums tot Desember 2018 en Ena sal versoek word om dit aan klubs te versprei.

18 Nov	Constantia se Flag Day waarheen 24 Ope mans gaan en dit sal dien as ‘n oefengroep vir die kies van spanne om teen WP te oefen.
25 Nov	Oefengroepe vir Ope Dames, Mans sal deur keurders versoek word om oefeninge in hul streke te doen.
1 Des	Z en EZ Oefeninge in streke.
2 Des	Boland vs WP Mans en Dames (Ope, B en Veterane).
5 Des	Inskrywings sluit vir Boland Pro10.
6 Des	Inskrywings sluit Boland Liga
7 Des	Getal kwalifiseerders per klub en streek sal bekendgemaak word.

8.8 Datums tot Desember 2019

Die voorgestelde datumslys vir 2019 word bespreek en wysigings word voorgestel.
Die belangrikste veranderinge is, die speel van Pro10 2-Bal pare gedurende Januarie en Februarie om spelers aan 2 bal spel gewoond te maak voor Inter-Distrikte. Die skuif van die Ope Meesters tot na die Inter-distrikte. Die skuif van die Boland Ope na vroeg in Oktober en daarom skuiwe in die tradisionele datums van die 2-Bal enkels, Oefengroepe en Driespel.
Besluit om die wysigings aan Bestuur uit te stuur vir hul finale kommentaar voordat dit aan klubs versprei word.

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

Weskus versoek dat vlak 1 Afrigterskursus weer in 2019 gehou moet word omdat hulle reeds agt(8) kandidate het wat belangstel. Die ander streke word versoek om by hul klubs uit te vind of daar by hulle ook ‘n behoefte aan ‘n vlak 1 Afrigterskursus bestaan en dan sal Stoffel dit met die NSCC opneem om datums vas te maak.

9.2 Tegniese beamptes

Geen terugvoering nie.
Persone wat Wynland kursus te Robertson gedoen het wag egter vir hul sertifikate en wapens.

9.3 Perkemeesters

Charles Stassen rapporteer dat hy besig is om sertifikate van mense wat kursus in 2017 gedoen het uit te sorteer. Hy is besig met databasis van perkemeesters se inligting en wag vir Napier, Bonnievale, Paarl, Hexvallei, Robertson, Clanwilliam, Lagoon, Langebaanweg, Lutzville,

Velddrif en Vredendal om die besonderhede van hul perkemeesters vir hom te laat kry. Hy wil vir almal ‘n vraelys stuur om meer inligting van klubs te versamel sodat klubs mekaar dalk kan help waar nodig.

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Overberg

Rosa Cloete gee terugvoer van gebeure in die Overberg.

10.3 Weskus

Leon Meyer gee terugvoer van gebeure in die Weskus.

11. KEURING

Voorstel van Leon Meyer dat spelers wat meer as twee jaar in Opespan gespeel het nie daarna vir die B-span gekies kan word nie. Word bespreek en besluit om nie die voorstel te aanvaar nie.

12 KORRESPONDENSIE

12.1 BSA Omsendbriewe. Kennis geneem van Omsendbriewe 2018/34 – 2018/64.

13. VOLGENDE VERGADERING

Vrydag 11 Januarie 2019

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM